VOERMOL SUPER 80

Klas : Proteïenkonsentraat vir Volledige Voerkraal Rantsoene vir Beeste

VOERMOL SUPER 80 is 'n vetmaakkonsentraat vir die vetmesting van beeste. Meng saam met mielies en/of ander grane, voerkalk en hooi om 'n vetmestingsrantsoen te gee:

– is hoogs gekonsentreerd wat vervoerkoste verlaag;
– bevat Monensin-Na wat die voeromset mag verbeter;
– bevat Sinkbasitrasien wat massatoename stimuleer en voeromset verder verbeter;
– bevat die nodige minerale en spoorminerale asook Vitamien A.

Weens die lae insluiting van **Voermol Super 80**, word die **Voermol-stelsel** (hooi en kragvoer apart) nie aanbeveel nie.

SAMESTELLING VAN VOERMOL SUPER 80
REG NR V6059 (Wet 36/1947)

		(g/kg)		(mg/kg)
Ruproteïen*	(min)	800	Mangaan	300
Ureum	(maks)	265	Koper	90
Ruvesel	(maks)	100	Kobalt	1.5
Kalsium	(min/maks)	18/22	Yster	135
Fosfor	(min)	3.5	Jodium	6
Vog	(maks)	160	Sink	800
			Selenium	1
			Vitamien A (IE/kg)	70 000
*98 % afkomstig vanaf NPN			Bevat medikamente	

Verpakking – 50 kg

Sien ureumwaarskuwing

L.W. Bevat medikamente en moet dus nie aan perde gevoer word nie. Moet nie ongemeng gevoer word nie.

MENG- EN VOEDINGSINSTRUKSIES

Om doeltreffende voerbenutting te verseker is dit belangrik dat 'n hormoon inplantaat (groeistimulant) gebruik word. Volg die normale inentingsprogram, vir voerkraalsiektes, soos deur 'n veearts voorgeskryf.

Die volgende tabel gee 'n verskeidenheid van mengsels met **Voermol Super 80**. Mengsels is volledige rantsoene wat *ad lib.* gevoer moet word. Mengsels in die kolom vir "Afrond" in die onderstaande Tabel is afrondrantsoene met **Voermol Zilmol.**

VOERMOL

MENGINSTRUKSIES (kg)						
Rantsoen	Aanvangs		Groei		Afrond	
	kg	kg	kg	kg	kg	kg
Voermol Super 80	50	50	50	50	50	50
Voermol Procon 33	100	100	50	50	50	50
Voermol Zilmol*	–	–	–	–	90	90
Mieliekuilvoer (nat)	–	300	–	350	–	350
Mieliemeel	700	650	750	700	700	650
Ruvoer/hooi (gemaal)	200	150	140	80	100	30
Voerkalk	15	15	15	15	15	15
Totaal	1 065	1 265	1 005	1 245	1 005	1 235
SAMESTELLING (g/kg)						
Ruproteïen (min)	128	110	120	100	119	100
Ruvesel (maks)	100	91	82	75	77	67
Kalsium (maks)	7.0	6.5	7.5	6.0	7.6	6.3
Fosfor (min)	3.0	2.6	2.9	2.3	2.7	2.2
Vog (maks)	120	242	120	267	120	271
% Proteïen vanaf NPN (maks)	28.6	28.1	32.1	31.2	32.7	31.9

*Let wel, twee sakke Voermol Zilmol plus 10 kg.

i) Tussen 80 kg en 120 kg van die mieliemeel per mengsel, kan met **Voermol Melassemeel** vervang word.

ii) Indien opblaas 'n probleem is, verhoog die ruvoer met tussen 20 kg en 30 kg/mengsel ten koste van mieliemeel.

iii) Indien slegs een mengsel gebruik word (van begin tot slag), voer die Groeimengsel en voer addisionele hooi apart tydens die eerste 14 dae van aanpassing. Hierdie voerpraktyk is geskik vir swaarder kalwers, beginmassa 250 kg plus.

iv) Die afrondmengsels bevat Zilpatherol-HCL. Voer vir die laaste 30 dae van die voerperiode. Onttrek vir tussen drie en sewe dae. Voer die Groeimengsel tydens die onttrekkingsperiode.

VOERMOL

UREUMWAARSKUWING

UREUM
Die meeste lekke bevat ureum wat onder sekere omstandighede gevare inhou. Tydens die formulering en vervaardiging van **Voermol-lekke** word daar gepoog om die risiko van ureumvoeding so laag as moontlik te hou. Die voorkoms van ureumvergiftiging kan verder verlaag word deur op die volgende te let:

– gebruik lekke volgens voorskrif;
– beperk lekinname tot die voorgeskrewe maksimum vlak;
– voer lekke saam met voldoende weiding en/of ruvoer;
– tref spesiale voorsorg tydens voerskaarste (droogtetoestande) om hoë lekinname te voorkom;
– voorkom die oormatige aanvanklike lekinname (southonger) deur diere, vir die eerste 14 dae, toegang tot **Voermol Rumevite 6P** te gee;
– moenie dat die lek natreën nie.

Sien ureumwaarskuwing agter op sak.

UREUMWAARSKUWING
Hierdie veevoedsel bevat NPN-(Nie-Proteïen Stikstof) bronne en moet daarom streng volgens die gebruiksaanwysings vermeng en gevoer word.

- Asyn is ’n doeltreffende middel teen NPN-vergiftiging. Meng met gelyke hoeveelheid water en doseer ’n halwe bottel per kalf/skaap en 2 – 4 bottels per bees (1 bottel = 750 ml).
- Beskerm hierdie veevoedsel teen reën. NPN is oplosbaar en diere wat so ’n oplossing drink kan vergiftig word.
- Moet nie die veevoedsel onoordeelkundig saam met ander NPN-bevattende veevoedsels voer nie. Raadpleeg ’n veekundige.
- Meng hierdie konsentraat deeglik met die voorgeskrewe bestanddele.
- Hou lekbakke vol en verhoed dat honger diere hul oorvreet. ’n Konstante daaglikse voerinname voorkom vergiftiging.
- Voordat ’n NPN-bevattende lek gevoer word, moet ’n gewone sout/fosfaatlek vir minstens 7 dae gevoer word.

GMO OPMERKING
Hierdie dierevoedsel mag grondstowwe bevat wat van GMO (geneties gemodifiseerde organismes) oorsprong is.

VOERMOL

VOERMOL ZILMOL

Klas: Melasse- en Ruvoeraanvulling vir Beeste

VOERMOL ZILMOL is ’n medikament bevattende produk vir die byvoeging tot voerkraal afrondrantsoene:

– bevat die ß-agonis, Zilpaterol–HCl wat die neerlegging van proteïen bevorder, terwyl dit die neerlegging van vet onderdruk;
– sal die gemiddelde daaglikse toename verhoog, die voeromsetverhouding verbeter en die uitslagpersentasie verhoog.
– verhoog die karkasmassa.

Met die gebruik van **Voermol Zilmol** word die voerperiode met sowat 20 dae verleng, gevolglik mag die voermarge en winsgewendheid verhoog word.

Voermol Zilmol moet slegs aan slagdiere gevoer word en is slegs geregistreer vir die voer van beeste.

SAMESTELLING VAN VOERMOL ZILMOL
REG NR V16978 (Wet 36/1947)

		(g/kg)
Ruproteïen	(min)	38
Ruvesel	(maks)	120
Vet	(min)	4.5
Kalsium	(maks)	6
Fosfor	(min)	0.6
Vog	(maks)	160
Energie	(MJ ME/kg)	9.6

Verpakking – 40 kg

L.W. Voermol Zilmol bevat medikamente.
Voer streng volgens voedingsinstruksies.

VOEDINGSINSTRUKSIES

– Voer **Voermol Zilmol** vir die laaste 30 tot 35 dae van afronding;
– Sien menginstruksies met **Voermol Beefmaker, Voermol SB 100** of **Voermol Super 80**;
– Begin sodra osse ’n vetheidsgraad van ’n A2 bereik het. Verse kan vroeër op die Afrondmengsel gevoer word;
– Ontrekking vir tussen drie en sewe dae voor slag.

VOERMOL